# VOORWAARDES VIR DIE PREDIKING.

Christelike prediking onderskei hom van elke ander vorm van openbare spreke deur 'n paradoksale gebondenheid en vryheid. Hierdie gelyktydigheid van gebondenheid en vryheid het sy oorsprong in die feit dat die prediker *kerux* is en sy prediking *kerugma* en verder daarin dat hy *apostolos* is en sy predikingswerk nog altyd *apostolaat* is. In moderne taalgebruik sou mens kan sê dat hy 'n ambassadeur is met 'n spreekopdrag; alleen tref die inkleding van die *kerux-apostolos* in die gewaad van 'n twintigste eeuse gesant nie tenvolle nie, in weerwil van die ooreenkomste. Maar let eers op die ooreenkomste: Soos die ambassadeur is die *kerux* iemand wat op gesag kom, dié namelk van sy Sender. Verder, die *kerux*, soos die gesant, moet die opdragte van sy Sender uitvoer en laastens, soos die gesant, word die *kerux* na mense gestuur. Maar hier hou ook alle gelykenis op.

Die verskille tussen gesant en *kerux* is so groot dat Paulus homself nooit net 'n „gesant" noem nie, maar 'n „gesant in kettings". Laasgenoemde verteenwoordig selfs in beeldspraak 'n selfweerspreking en tog as tipering van die christelike prediker moet dit aanvaar word as 'n totale werklikheid; in sy wese is die *kerux-apostolos* niks anders nie as 'n gebonde gesant. Nietemin, in weerwil van die gebondenheid, vra dieselfde Paulus: „Is ek nie 'n apostel nie? Is ek nie vry nie?". Dis nou weer die paradoxale waarop in die openingsparagraaf gewys is. Prediking en prediker, *kerugma* en *kerux* is gelyktydig gebonde en vry.

Die verskille tussen prediker en gesant gaan verder. Beide is wel gesante maar die prediker is andersoortig omdat sy sender nie 'n vors of 'n staat is nie, maar God. Dit lê die betrekkinge waarin hy te staan kom, op 'n totaal ander vlak. Die betrekking van die diplomatieke gesant sou mens kon aandui as 'n horisontale; hy handel en onderhandel op 'n vlak wat waterpas lê, as mens teenoor mens. Die prediker se betrekking is in die eerste plek 'n vertikale. Eintlik staan hy op die kruislyne van die vertikale en die horisontale vlakke, die vlak van God en diê van die mense.

Nog anders as die diplomatieke gesant, is die gesant van die Evangelie 'n gesondene aan die hele wêreld; en nie net aan 'n bepaalde volk nie. Die opdrag van Mt. 28 : 19 en 20 maak nie van hom 'n „reisende ambassadeur" nie maar 'n universele gesant. So kom dit dat Paulus, die gesant in kettings vanweë die Evangelie, as tarsiese Jood

'n missie vervul teenoor Grieke, Romeine en Oosterlinge tot aan die uithoeke van Klein-Asië en Europa, dat hy as romeinse burger 'n opdrag vervul teenoor burger, vryman en slaaf. Die christelike prediker het as gesant aan die wêreld, 'n ekumeniese opdrag.

Noodwendig moet die besondere aard van sy opdrag weerklink in sy prediking. Nasionale of seksionele prediking, onder watter omstandighede ookal, is 'n vergryp; enersyds skend dit die universaliteit van sy boodskap, andersyds is dit 'n willekeurige en strafwaardige selfmagtiging om op die vryheid van sy opdrag in te kort. Sy boodskap moet ten alle tye, onder alle omstandighede aan alle mense gerig word. Dit is sy vryheid maar ook sy gebondenheid, die onbeperktheid van sy opdrag, maar ook die beperktheid daarvan. Op die oomblik dat hy „alle mense" omskep in „sommige mense" of dat hy hom plaaslik of voorwaardelik verbind, het hy die vryheid ingeboet. In die vorm van verenging en vervlakking sal dit weerspieël word in sy prediking. Die *kerugma* sal onvolledig wees — willekeurig gebonde waar dit vry moes wees, eiegeregtig vry waar dit gebonde moes wees.

Hierbo is reeds gestel dat die prediker herout is omdat hy gesondene is, dat hy *kerux* is omdat hy *apostolos* is. Dis hoogs belangrik om hierdie samehang nugter in gedagte te hou, want die voorstelling wat ons huldig oor die apostolaat, sal onmiddellik weerklink in die prediking. Die nutestamentiese woord *apostolos* is na sy vorm Grieks; maar na sy inhoud verteenwoordig dit 'n deur-en-deur joodse begrip wat verband hou met die joodse bode-reg, die begrip van *shaliach*. Vir die doel van hierdie bespreking verdien veral drie aspekte van die begrip besondere aandag: : Volgens die joodse bode-reg is die *shaliach* (gesondene) namelik onderworpe aan die volgende reëlings:

a. hy is wils-interpreteerder van sy sender;
b. hy is verantwoordelik vir sy interpretasie van die wil van sy sender en wat hy doen en spreek, doen en spreek hy met die volmag van sy sender self;
c. terwille van die eenstemmigheid in die interpretasie en om rede van kontrole vereis die bode-reg dat die *shelîchîm* in pare uitgestuur word.

Oorgedra op die prediker as *apostolos* moet nou die volgende opmerkinge gemaak word oor die voorskrifte van die joodse bode-reg:

1. Die prediker is wils-interpreteerder van sy Sender. Dit vereis eerstens en vanselfsprekend dat die prediker sy Sender moet ken en die wil van sy Sender moet ken. En God, die Sender, het Hom en sy wil kenbaar gemaak in sy Woord, benewens in die werk van sy Woord, die skepping. Die *apostolos*-prediker moet dus God's wil uit God's openbaring ken, want anders kan hy nie in voorkomende gevalle en onder dikwels wisselende omstandighede die wil van sy Sender inter-

preteer nie. Hoewel dit hier uit 'n nuwe oogpunt besien word, beteken die gevolgtrekking niks anders nie as die al-oue en bekende eis dat die prediker God's Woord blywend en toegewyd moet bestudeer en dat hy 'n nugtere en ope waardering moet hê vir God se selfopenbaring in die natuur.

2. Die prediker moet volle verantwoordelikheid aanvaar vir 'n uiters verantwoordelike spreke; hy spreek en handel met die volmag van sy Sender self. Die kwessie van die sogenaamde sleutelreg (Mt. 16:19) moet in die lig van hierdie feit verklaar word. Jesus het hierdie volmag van sy gesondenes gewil, soos blyk uit sy woorde, „Wie julle ontvang, ontvang My" (Mt. 10:40). Maar in die raamwerk van 'n bespreking oor die voorwaardes van die prediking, het hierdie gevolgtrekking 'n besondere draagwydte: Die prediking is nie 'n „waagstuk" soos MISKOTTE dit stel nie, dis 'n onderneming van die sekerste aard maar daarby van die hoogste erns en dit vereis grondige besinning en volgehoue raadpleging van die Sender deur die gesondene. Dit vereis gebed. Laat ons hierdie biddende besinning aandui met die woord *meditasie*. Dit het nie te doen met die beplanning van en vormgewing aan die preek nie, maar met die rake peiling van die wil van God en die interpretasie van daardie wil in die preek. Meditasie vereis tyd; 'n lighartige en gemaklike op-die-laaste-minuut voorbereiding van die preek is uiters bedenklik omdat dit die geleentheid vir die biddende besinning gemis het en die prediker wat daar behoort te staan met die gesag van sy Sender, sal nie gesagvol kan spreek nie. Sekerheid en oortuiging sal hom ontbreek. Nog een terloopse opmerking in hierdie verband: Daar word sedert jare spitsvondig gedisputeer oor die vraag of 'n ongelowige prediker God's Woord kan verkondig. In die lig van die vereiste wat aan die *shalîach*-syn gestel is, hoef daaroor geen twyfel te bestaan nie. Die ongelowige ken God nie en kan God nie ken nie en kan daarom God's wil ook nie ken om dit te interpreteer nie. Omdat hy die gesprek met God ontbeer, kan hy ook nie mediteer nie. Hy is nie *apostolos* nie, maar *pseudapostolos*, waarteen Paulus waarsku en van wie Jesus, die opdraggewer, sê: „Ek het jou nooit geken nie."

Peil en bepaal van die wil van God is die sentrale voorwaarde vir die prediking. Dis daarom ook die moeilikste taak van die prediker en dit eis op al sy vernuf, al sy skerpsinnigheid, sy hele hart en al sy vermoëns.

Die wilsinterpreteerder moet in staat wees om te beluister. En daarmee keer ons terug tot die paradoxale twee-eenheid van vryheid en gebondenheid. Die christelike prediker moet die *volle wil* van God, of soos Paulus dit noem in sy gesprek met die ouderlinge van Efese, die *volle raad* van God bekend maak. Nie meer nie, nie sy eie

beskouinge, kritieke en bedenkinge en troetelgedagtes nie. Nie minder nie, nie die oordeel sonder vryspraak van genade nie, ook nie troos sonder tug nie, maar ook nie Wet sonder Evangelie nie. Die volle wil van God soos geopenbaar in sy Woord, is soos 'n swaard met twee snykante. Hierin besonderlik moet die prediker waak dat hy nie die tere balans tussen vryheid en gebondenheid, tussen Wet en Evangelie verstoor nie.

3. Dis nodig om nou nog te let op die laaste voorskrif van die bode-reg, die gebruik om terwille van consensus en kontrole die *shelichim paars-gewyse* uit te stuur. Tendele word hierdie consensus en kontrole in ons huidige kerk-organisasie uitgeoefen deur die regerende ouderling wat kragtens die formulier van bevestiging onderneem om toesig te hou oor die lewe en die leer van die predikant. Maar dit geld, vir sover dit nog aktief nagekom word, eintlik net die kontrole. Die consensus word beveilig deurdat die prediker hom by die interpretasie van die wil van sy Sender verbind aan die algemene kerklike interpretasie, dit is die belydenisskrifte van die Kerk. Maar dit beteken gebondenheid, die een helfte van die paradoksale twee-eenheid wat hierbo aangedui is. Die aanvaarding van die belydenisskrifte is 'n wesentlike voorwaarde vir die prediking. Dit handhaaf die consensus en bied 'n leidraad vir die kontrole.

Nou moet die prediker wel op een dink let: Nie die kontrole en nie die consensus is die belangrikste in sy prediking nie, nie die ywer vir die dogma bepaal die inhoud van sy boodskap nie, maar die interpretasie van die wil van sy Sender, d.w.s. die verkondiging van die Woord van God. Dit gebeur dat die *apostolos-kerux* in sy prediking hom en andere voortdurend rekenskap wil gee oor die konsensus en die kontrole ten koste van die verkondiging van die Woord van sy Sender. Maar dit is 'n predikingspraktyk wat konsekwent eindig in 'n dogma-verwurgde prediking, polemiek en apologetiek.

Hierbo is gesê dat die prediker op die kruispunt tussen twee vlakke staan, tussen die vertikale lyn van God en die horisontale lyn van die mense. En tot nou toe is in die eerste plek gespreek oor die betrekking van die gesondene tot sy Sender, oor die noodsaaklikheid dat hy as wils-interpreteerder die wil van die Sender sal ken. Maar die *apostolos-kerux* word gestuur aan mense. Dit bring mee dat hy ook die mense sal ken om die wil van God in hulle nood en in hulle behoeftes aan hulle kenbaar te maak. Dit moet egter vooraf vasstaan dat hy nie wils-interpreteerder van die mense is nie, maar van God aan die mense. Eintlik staan die predikant nie in diens van die gemeente nie, maar van God. Hy bedien slegs die gemeente. Hy is *diakonos* (bedienaar) teenoor die mense en *doulos* (dienskneg) slegs teenoor God. Dit is die volle im-

plikasie van Handl. 6:2 en 4 waar die apostels verklaar: „Dit is nie reg dat ons die Woord van God nalaat om die tafels te bedien nie, . . . maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die Woord.". Dit lê nie op die weg van die prediker om die leeue-aandeel te neem in die organisasie van die gemeentelike bedrywighede en finansiële beraad nie. Hy is nie gestuur om die saldo in die gemeentelike kas batig te maak of te hou nie, maar om God's wil, soos in sy Woord geopenbaar, aan mense te bring. As die predikant eers verstrik raak in die administratiewe en organisatoriese behoeftes van die gemeente, dan word hy *doulos* van die gemeente, ontbreek hom weldra die geleentheid vir studie en meditasie en verloor hy die ekumenisiteit van sy sending al gou uit die oog. Dan word hy dienaar van die gemeente wat hom beroep het en hy sien nie langer die Kerk van Christus in die wêreld as sy sendingsterrein nie. Hy gaan die gemeente dan selfs voor in 'n uitkyk van isolement en 'n opvatting wat in die praktyk neerkom op die outonomie van die plaaslike gemeente.

Maar meer nog, langs hierdie weg kom die *apostolos* sekerlik nie tot die kennis van die sielenood van diê na wie hy gestuur is nie. Hy sal in sy prediking vir hulle geen aktuele boodskap hê nie. Direktheid en persoonlike betrekking sal in sy prediking ontbreek. Hy sal miskien populêr word omdat hy hom so beywer vir die uiterlike welvaart van die gemeente, maar hy sal nie langer gesagvol die gesaghebbende woord van sy Sender kan spreek nie.

Wanneer ons nou die positiewe weë bespreek waarlangs die prediker terwille van die effektiewe verkondiging hulle kan leer ken aan wie hy gestuur is, dan moet van die staanspoor af gesê word dat die verpligte huisbesoek nie voldoende en ook nie afdoende is nie. Tussen huisbesoek en sielsorg moet skerp onderskei word. Die eerste is 'n metode van inspeksie: die laaste, in die volle verskeidenheid van sy aanwending, is die enigste dienstige middel om die mense en hulle behoeftes te leer ken. Maar die sielsorg as kenmiddel en onontbeerlike voorwaarde vir die prediking is so wyd in sy aanwendinge en vanweë sy bepaling deur die voorkomende gevalle so onoorsigtelik dat enige poging om die beskrywing daarvan te sistematiseer, noodwendig op 'n beperking van sy funksie sal uitloop. Nietemin moet enkele kante daarvan hier tog onder behandeling kom.

Eerstens moet genoem word die *pastorale gesprek*. In die Roomse Kerk word die bieg beoefen. As psigologiese middel van gemoedsbevryding en as pastorale middel tot die kennis van die mens, het die bieg groot betekenis. Die Lutherse Reformasie het dit blykbaar besef en dit nie afgeskaf nie. Vanweë die misbruike wat daaraan verbind is, het die radikaler Calvinistiese Reformasie dit afgeskaf, dog nie sonder om iets daarvoor in die plek te stel nie. Calvyn self het die pastorale

gesprek tot 'n reëlmatige instelling gemaak en dit veral verbind aan die voorbereiding vir die viering van die Avondmaal. Hy het aan lidmate die geleentheid gegee om in die afgeslotenheid met hom hulle vertwyfelinge en sielenood te bespreek. In die Nederlands Hervormde Kerk leef die instelling nog voort in die vorm van die pastorale spreekuur op bepaalde dae. By ons het die pastorale gesprek as bewuste instelling heeltemal verdwyn. Ondertussen bly die nood aan die pastorale gesprek as kenmiddel vir die prediker en as geestelike behoefte vir die gelowige, onverminderd voortbestaan. Om hierdie twee redes is dit noodsaaklik dat die pastorale gesprek as bewuste instelling en beoefening weer herstel word in die Ned. Hervormde Kerk van Afrika. Om tot so 'n herstel te kom, sal die pastor sy betroubaarheid en kundigheid en belangstelling—nie nuuskierigheid nie maar belangstelling—moet toon en die gemeentelid sal sy inherente skroomvalligheid moet te bowe kom.

Die geleenthede vir die uitnodiging tot die pastorale gesprek is talloos en word gebied onder andere deur die katechese, die voorhuwelikse onderhoud, die na-sorg van gehudes, die besoek aan ouers wat hulle kinders ten doop gehou het, die kranke-besoek, die vertroostende gesprek met bedroefdes, geleenthede wat tog al vasstaande en gereëlde beoefening moet wees vir die ware herder. So 'n sielsorg is onontbeerlike voorwaarde vir die direkte en persoonlike prediking want dit is die mees direkte en persoonlike weg om tot kennis van die mens te kom.

Behalwe die sielsorg kan hier nog een orgaan genoem word waardeur die prediker tot kennis van die behoeftes kan kom van dié aan wie sy die wil van God moet verkondig. Dit is die kerkraadsvergadering. Anders as die geleentheid vir die pastorale gesprek, is hierdie 'n instelling wat reeds bestaan en dit is alleen nodig dat die gebruik daarvan plek-plek in hersiening geneem word. In baie gevalle het die kerkraadsvergadering in ons kerklike organisasie die sin van sy oorspronklike opset uit die oog verloor en meer die karakter van 'n direksie-vergadering aangeneem waar gepraat word oor organisasie en finansiële aangeleenthede van die gemeente. Nie selde gebeur dit dat daar geen geleentheid oorbly vir die bespreking van die geestelike node van die gemeente nie. Dan word ook die noodsaaklike kennis ten opsigte van dié na wie hy gestuur is, by die *apostolos* nie vermeerder nie. En sy prediking sal aan direktheid en aktualiteit inboet.

Aan die nou meermale genoemde aktualiteit en gerigtheid van die prediking moet enkele opmerkinge gewy word, sy dit dan ook dat slegs stippellyne hier aangegee kan word. Aktualiteit is dié kwaliteit in die prediking waardeur die mens van vandag in sy huidige lewenssituasie maar ook in sy persoonlike nood aangespreek word. Dit vereis

dat die prediker beskik oor die vermoë om die wil van God, die Woord van God vir die mens van vandag toeganklik te maak in sy persoonlike lewenssituasie. Daarom moet die prediker met oop oë en oop ore loop. Howel hy nie van die wêreld is nie, verkeer hy en diê na wie hy gestuur is, in die wêreld. Hoewel hy nie mens van die tyd is nie, moet hy tog man van *sy* tyd wees. Wat kennis en aanvoeling betref, moet hy ten volle op hoogte wees met die tydsgees, die tydsstrominge en die tydsprobleme. Aktuele prediking is egter nie dieselfde as om interessant en koerant te praat nie. Die prediking moet steeds *gerig* wees, d.w.s. direk en op die persoon af. Hoewel sy missie ekumenies is, spreek die prediker nie tot die mensdom in die wye nie, maar tot die broeder en die suster en wel in die tweede persoon, tot die „u".

Tot 'n groot mate berus die direktheid en die persoonlike betrekking in die prediking op een van die drie kwalifikasies van die *apostolos* wat ons hierbo genoem het, namelik op die gesagvolheid. Gesagvolheid en selfversekerdheid is nie sinonieme nie. Gesagvolheid veronderstel by die prediker kundigheid ten opsigte van die wil van God wat hy moet interpreteer en persoonlike kennis van die indiwiduele lidmate wat sy interpretasie aanhoor. 'n Geaffekteerde spreektoon, en onnatuurlike houdinge en gebare hoort nie by die gesagvolheid nie maar by die selfversekerdheid. Direktheid en aktualiteit kan ook nooit bereik word as die prediker die gesagvolle spreke van iemand anders voordra, d.w.s. as die preek nie sy eie is nie.

Nog 'n laaste voorwaarde vir die prediking. Dit moet geheel en voltooid wees. Die prediker spreek in die tyd oor die ewigheid, hy rig hom tot mense in hierdie lewe wat voortbestem is vir die toekomstige lewe. In hierdie lig gesien ly ons prediking vandag in Suid-Afrika aan gebrokenheid en onvoltooidheid. Dit mis die eschatologiese gerigtheid. Dit bring nie die volle raad van God nie. Van gebrokenheid in die prediking getuig ook as die prediking Wet en Evangelie teenoor mekaar stel, en nie instaat is om die Wet in die Evangelie en die Evangelie in die Wet aan te wys nie. Ons prediking is of tug of troos en dit moet wees tug en troos. Die prediking is onvolledig wanneer dit net die genade verkondig maar nie die oordeel nie, wanneer dit net wys op die lewe en nie ook op die dood nie. Die prediking mis aktualiteit as dit nie met die gesag wat van God gegee is, die mens voor die tweesprong, die onontwykbare keuse stel nie. Met die gesag van sy Sender moet die prediker die bevrydende binding beleef en verkondig: Wie nie teen My is nie, is vir My.

A. S. GEYSER.